Kort geskiedenis van Laerskool Baanbreker

Die **Zuid-Afrikaansche Republiek** was 'n onafhanklike republiek wat deur die Voortrekkers noord van die Vaalrivier gestig was. Dit het vir net minder as 50 jaar bestaan en het in 1902 tot 'n einde gekom nadat Brittanje die republiek in die Tweede Vryheidsoorlog (1899 – 1902) verslaan het. Gedurende dié tyd was daar nie sprake van georganiseerde onderwys nie. Goud is in 1886 ontdek in Johannesburg. Die eertydse dorp het ontstaan op die plaas Vogelfontein wat aan Adolf Vogel behoort het. Goud is in 1887 op hierdie einste plaas en ’n buurplaas, Leeuwpoort, ontdek. Die grond is vir publieke ontginning geproklameer. Later het ’n behoefte aan ’n meer georganiseerde nedersetting ontstaan en dele van Leeuwpoort en omliggende gebiede is as ’n dorp verklaar. Boksburg is in 1887 uitgelê om die omliggende goudmyne te bedien, en is die tweede oudste stad aan die Witwatersrand.

Boksburg is vernoem na die destydse staatsekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek, Willem Bok. **Willem Eduard Bok** was 'n vriend en vertroueling van president Paul Kruger van die ZAR. Hy is in 1846 in Holland gebore en gaan in 1864 op die ouderdom van 20 na Engeland om in tale te studeer. Ná 'n kort loopbaan as handelaar kom hy op die ouderdom van 30 in die Zuid-Afrikaansche Republiek aan. Ná die Slag van Majuba was hy staatsekretaris van 1884 tot 1888. Hy was ook klerk van die Volksraad en regeringskommissaris van die toe pas ontdekte Witwatersrandse goudveld. Die stad Boksburg aan die Oosrand is na hom vernoem. Willem Bok is in 1904 in Johannesburg oorlede.

‘n Groep mense, waaronder Boeregeneraals Smuts, Botha en Beyers, bygestaan deur ‘n aantal predikante te wete Ds P Postman, ds HS Bosman en Ds NJ Goddefroy, het op hierdie stadium hulle kragte saamgespan om die krisis in die Transvaalse Onderwys die hoof te bied. Hulle vernaamste oogmerk was dan ook om skole te stig waardeur die godsdiens, taal, geskiedenis en tradisies van die Afrikanervolk bevorder sal word.

Laerskool Baanbreker het net na die oorlog in 1902 begin met ongeveer 30 leerlinge, as ‘n CNO skool met die naam **Erasmus Zaal School**, geleë in Markstraat, Boksburg, met die opdrag dat onderrig in ‘n protestants-Christelike gees sal geskied, soos bepaal deur die Onderwyswet van 1802. Mnr De Wet was die eerste hoof en later Mnr Combrinck. In 1909 word Mnr J.H Basson hoof van die skool. In 1911 is die skool se naam verander na **Boksburg East School**. Die skool het toe parallele klasse gehad in Engels en Afrikaans tot st 3 (gr 5). Die skool het op 10 Desember 1930 verhuis na ‘n nuwe gebou in Leeupoortstraat. Mnr C Huggett was toe die hoof. Gedurende 1932 het die skool 193

leerlinge gehad. Op 01 Mei 1934 was daar finaal besluit om die naam te verander na **Baanbrekerskool** met die leuse “Ons Wil, Ons Kan, Ons Sal”.

Mnr J.C Coetzee, die nuwe hoof aanvaar diens op 14 Januarie 1940. Op 01 Mei 1945 aanvaar Mnr J.H. Bosman die hoofpos met 357 leerlinge. Met Mnr Bosman se afskeid op 06 Desember 1956 was daar reefs 611 leerlinge. Hy word vanaf 01 Januarie 1957 opgevolg deur Mnr G J Ackermann. Mnr Ackermann word opgevolg deur Mnr J J van Wyk, toe was daar 739 leerlinge.

Die eerste sooi op die huidige perseel, in **Boerneefstraat, Parkrand** was gespit deur mnr J.J van Wyk op 15 November 1968. Op 05 September 1969 word die hoeksteen van die nuwe skoolgebou deur die Direkteur van Onderwys, Dr A L Kotzee gelê. Sedert Januarie 1971 was daar reeds agt klasse oorgeplaas na die nuwe gebou. Op 20 Julie 1971 was nog 16 klasse oorgeplaas na die nuwe gebou. Die getal leerlinge was toe reeds 1004. Die amptelike ingebruikneming van die huidige geboue was 11 tot 13 November 1971. Mnr J J van Wyk was die hoof tot 31 Desember 1979. Mnr G A de Beer het hom opgevolg en was hoof tot 07 Augustus 1987. Hierna was mnr J Oosthuizen die hoof tot 01 Augustus 1993. Hy is opgevolg deur Mnr P Snyders tot 28 Februarie 1997. In dié tyd beleef Suid-Afrika die oorgang van Nasionale Party bewind na ANC bewind. Daar is ‘n nuwe Grondwet vir die land aanvaar en ons was baie tevrede dat Godsdiensvryheid beskerm sou word, asook die reg tot vryheid van assosiasie.

Mnr T W Hoffmann was die hoof vanaf 1 Julie 1997 tot en met 31 Januarie 2021.

Die skool word tans beman deur die hoof – Me A Bacon, wat aangestel was op 1 Junie 2022, toe sy geskiedenis gemaak het as die eerste vrou wat aangestel was as ‘n hoof by die skool.